BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG | PUBLISHED BY AUTHORITY

30c Maandag 11 April 1988 WINDHOEK Monday 11 April 1988 No. 5519

## INHOUD:

*Bladsy*

**AG. PROKLAMASIES**


No. AG. 10 Lasgewing dat 'n toevallige vakature in die Wetgewende Vergadering van die Kleurlinge gevul word by wyse van 'n verklaring deur die hoofverkiesingsbeampte 1

No. AG. 11 Verandering van Stigtingsvoorwaardes: Swakopmund (Uitbreiding 8) 2

No. AG. 12 Verklaring van Epako (Uitbreiding 2) tot goedgekeurde dorp 3


## CONTENTS:

*Page*

**AG. PROCLAMATIONS**


No. AG. 10 Direction that a casual vacancy in the Legislative Assembly of the Coloureds be filled by way of a declaration by the chief electoral officer 1

No. AG. 11 Variation of Conditions of Establishment: Swakopmund (Extension 8) 2

No. AG. 12 Declaration of Epako (Extension 2) to be an approved township 3


# PROKLAMASIES

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VAN DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 10 1988

### LASGEWING DAT 'N TOEVALLIGE VAKATURE IN DIE WETGEWENDE VERGADERING VAN DIE KLEURLINGE GEVUL WORD BY WYSE VAN 'N VERKLARING DEUR DIE HOOFVERKIESINGSBEAMPTE

Kragtens artikel 2(1) van die Partylysverkiesingswysigingsproklamasie, 1981 (Proklamasie AG. 24 van 1981), gelas ek hierby dat, ondanks andersluidende wetsbepalings, die toevallige vakature

# PROCLAMATIONS

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 10 1988

### DIRECTION THAT A CASUAL VACANCY IN THE LEGISLATIVE ASSEMBLY OF THE COLOUREDS BE FILLED BY WAY OF A DECLARATION BY THE CHIEF ELECTORAL OFFICER

Under section 2(1) of the party List Elections Amendment Proclamation, 1981 (Proclamation AG. 24 of 1981), I hereby direct that, notwithstanding anything to the contrary in any law con-

wat met ingang van 1 Maart 1988 in die Wetgewende Vergadering van die Kleurlinge ontstaan het weens die bedanking van WILLIAM ALFRED ABRAHAM PHILLIPS, gevul word deur die verklaring deur die hoofverkiesingsbeampte tot behoorlik verkose lid van genoemde Wetgewende Vergadering met ingang van die datum van die verklaring, van 'n bevoegde persoon wat -

(a) vir dié doel skriftelik genomineer is deur die geregistreerde party waarvan genoemde WILLIAM ALFRED ABRAHAM PHILLIPS 'n kandidaat by die eerste algemene verkiesing ten opsigte van genoemde Wetgewende Vergadering was; en

(b) sy nominasie skriftelik aanvaar het.

L. PIENAAR
Administrateur-generaal Windhoek, 30 Maart 1988

tained, the casual vacancy which occurred as from 1 March 1988 in the Legislative Assembly of the Coloureds on account of the resignation of WILLIAM ALFRED ABRAHAM PHILLIPS, be filled by the chief electoral officer declaring to be a duly elected member of the said Legislative Assembly, with effect from the date of the declaration, any qualified person who -

(a) has been nominated in writing for that purpose by the registered party of which the said WILLIAM ALFRED ABRAHAM PHILLIPS was a candidate at the first general election in respect of the said Legislative Assembly, and

(b) has accepted his nomination in writing.

L. PIENAAR
Administrator-General Windhoek, 30 March 1988

---

No. AG. 11 1988

## VERANDERING VAN STIGTINGSVOORWAARDES: SWAKOPMUND (UITBREIDING 8)

Ingevolge paragraaf (b) van die voorbehoudsbepaling by artikel 31A(2) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) maak ek hierby bekend dat ek kragtens genoemde artikel 31A(2) van die genoemde Ordonnansie die voorwaardes uiteengesit in die Bylae by Proklamasie 26 van 1975 verander het deur subparagraaf (f) van paragraaf 4.B deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(f) Die minimum bouwaarde van die hoofgebou op ander erwe as dié genoem in paragraaf 3 hierbo en subparagrawe (a) tot (eA) hiervan, moet R60 000,00 wees.".

L. PIENAAR
Administrateur-generaal Windhoek, 30 Maart 1988

No. AG. 11 1988

## VARIATION OF CONDITIONS OF ESTABLISHMENT: SWAKOPMUND (EXTENSION 8)

In terms of paragraph (b) of the proviso to section 31A(2) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963), I hereby make known that I have under the said section 31A(2) varied the conditions set forth in the Schedule to Proclamation 26 of 1975 by the substitution for subparagraph (f) of paragraph 4.B of the following subparagraph:

"(f) The minimum building value of the main building on erven other than those mentioned in paragraph 3 above and subparagraphs (a) to (eA) hereof shall be R60 000,00.".

L. PIENAAR
Administrator-General Windhoek, 30 March 1988

---

No. AG. 12 1988

VERKLARING VAN EPAKO (UITBREIDING 2) TOT GOEDGEKEURDE DORP

Kragtens artikel 13 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) verklaar ek hierby die gebied voorgestel op Algemene Plan L. 69(A.336/87) tot goedgekeurde dorp.

Die voorwaardes ingevolge waarvan die aansoek om verlof tot stigting van die betrokke dorp toegestaan is, word ingevolge genoemde artikel 13 in die Bylae hieronder uiteengesit.

L. PIENAAR
Administrateur-generaal Windhoek, 30 Maart 1988

BYLAE

1. NAAM VAN DORP

Die dorp heet Epako (Uitbreiding 2).

2. SAMESTELLING VAN DORP

Die dorp bestaan uit 618 erwe genommer 829 tot 1446, 3 oop ruimtes genommer 1447 tot 1449 en strate soos aangedui op Algemene Plan L. 69(A.336/87).

3. TITELVOORWAARDE

Die volgende voorwaarde moet ten gunste van die plaaslike bestuur geregistreer word teen die titelbewyse van alle erwe:

Die erf mag benut of geokkupeer word slegs vir doeleindes wat strook met, en die benutting of okkupasie van die erf sal te alle tye onderworpe wees aan, die bepalings van die Dorpsbeplanningskema van Gobabis wat ingevolge die Dorpsbeplanningsordonnansie 1954 (Ordonnansie 18 van 1954) ontwerp en goedgekeur is.

---

No. AG. 12 1988

DECLARATION OF EPAKO (EXTENSION 2) TO BE AN APPROVED TOWNSHIP

Under section 13 of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963), I hereby declare the area represented by General Plan L. 69(A.336/78) to be an approved township.

The conditions subject to which the application for permission to establish the township concerned has been granted, are set forth in the Schedule below in terms of the said section 13.

L. PIENAAR
Administrator-General Windhoek, 30 March 1988

SCHEDULE

1. NAME OF TOWNSHIP

The township shall be called Epako (Extension 2).

2. COMPOSITION OF TOWNSHIP

The township comprises 618 erven numbered 829 to 1446, 3 open spaces numbered 1447 to 1449 and streets as indicated on General Plan L. 69(A.336/87).

3. CONDITION OF TITLE

The following condition shall be registered in favour of the local authority against the title deeds of all erven:

The erf shall be used or occupied only for purposes which are in accordance with, and the use or occupation of the erf shall at all times be subject to, the provisions of the Gobabis Town Planning Scheme prepared and approved in terms of the Town Planning Ordinance, 1954 (Ordinance 18 of 1954).